# Vandag se stryd definieer môre se demokrasie



DONDERDAG AKTUEEL
JONATHAN JANSEN

DAAR vind op die oomblik 'n titaniese stryd in die openbare arena plaas rakende watter soort demokrasie Suid-Afrika begeer en waarin die land sal ontwikkel.

Sy dit die geworstel om die presidensiële opvolging, die skandaal oor amptelike houdings jeens vigs of angstige vrae oor of ons oor 'n openbare of 'n politieke uitsaaier beskik – 'n stryd om ons toekoms te definieer lê ten grondslag van al hierdie veldslae.

Dit is verspot maklik om in die hier en nou vasgevang te word, in die guitige detail van nog 'n openbare skandaal; tog sal hierdie gebeure – wie hulle voer en die wyse waarop hulle gehanteer word – bepaal of Suid-Afrika na vore sal tree as 'n seldsame voorbeeld van 'n Afrika-demokrasie waar mense, idees en waardes hoër aangeslaan sal word as opswepery, korrupsie en onderdrukking.

Die feit dat 'n minister van gesondheid die gevaarlikste inligting oor vigsbehandeling denkbaar kan smous sonder om deur die president afgedank te word, stuur 'n verontrustende sein uit rakende die mate waarin gewone mense straffeloos met minagting behandel mag word. Want dit is nie soseer haar agterlike idees oor MIV en vigs wat dr. Manto Tshabalala-Msimang so gevaarlik maak nie, maar eerder dat sy toegelaat word om verwarrende boodskappe oor gesondheidsake uit te stuur in 'n land waar, volgens betroubare bronne, sowat 40% van die bevolking funksioneel ongeletterd is en die armes nie oor die vermoë en inligting beskik om te onderskei tussen mediese feit en politieke fantasie nie.

Die blote feit dat sy steeds haar amp beklee, laat 'n mens wonder of ons leiers ooit werklik op grond van persoonlike bevoegdheid en professionele vaardigheid verkies sal word, eerder as op grond van politieke begunstiging, rasse-afkoms en persoonlike lojaliteite.

Die feit dat 'n presidentskandidaat buite die hof populistiese sentimente mag opsweep deur sy masjiengeweer te vra en die kantoor van die president mag beklad, behoort diegene wat die vergelykende politiek van derdewêreldse regimes bestudeer, te kwel.

As die adjunkpresident van die ANC president van die land sou word, sou dit onthutsende seine uitstuur oor die wyse waarop vroue behandel word, openbare welvoeglikheid, seksuele verantwoordelikheid en persoonlike waardes. 'n Geslag jongmense (diegene wat opgesaal sal word met die gewyde taak om 'n swaar gewonne demokrasie in stand te hou en daarop voort te bou), sal 'n presidensiële rolmodel hê wie se openbare gedrag die fondamente van die land bedreig.

Gesien teen die verwysingsraamwerk van 'n hofbevel rakende sy tweede-in-bevel se moontlike verbintenis met korrupte persone, het pres. Thabo Mbeki korrek opgetree deur sy adjunk af te dank. Kommerwekkend is die feit dat dié besluit so verwoed teengestaan is.

Die feit dat 'n openbare uitsaaier selfs net kan probeer om die uitreiking te smoor van 'n verslag rakende bewerings omtrent pogings om onafhanklike stemme op 'n swartlys te plaas, is 'n duidelike aanduiding dat die bevordering van 'n oop samelewing en die regte van die groot publiek onderaan die agenda van die SABC se bestuur is. Een van die senior uitvoerende beamptes van die korporasie mag onbeskaamd en sonder vrees vir afdanking skriftelike besware oor die partydige aard van nuusitems en die marginalisering

van kritici verontagsaam. Swart mag dreig om ewe vermetel en arrogant te doen wat wit mag so minagtend gedoen het tydens die apartheidsbewind.

Wat hier op die spel is, is nie 'n onbenulligheid oor die insluiting en erkenning van stemme daar buite nie; wat wel in gevaar gestel word, is een van die platforms van 'n moderne demokrasie – 'n vrye en onafhanklike pers wat sonder vrees of begunstiging berig oor wat in die belang van die publiek is.

As ons hierdie kosbare entiteit verloor, bly weinig meer as staatspropaganda oor.

Ons is enersyds ver weg van 'n ineenstorting tot tirannie. Danksy bekommerde liggame soos die Treatment Action Campaign, die Freedom of Expression Institute, en 'n handjie vol opposisiepartye gaan daar ten minste af en toe 'n paar openbare stemme op wat staatsmag se uitspattighede spesifiseer. Maar dié stemme is te min en te wit. Kritiese en bekommerde stemme behoort 'n veel breër basis te hê en demografies veel meer divers te wees as hulle die stygende gety van rassepopulisme op effektiewe wyse wil aanvat.

Suid-Afrika is andersyds nie uniek nie en verwysings na 'n Bybelse "wonderwerk" wat 'n Noag-tipe "reënboognasie" bestuur om ons oorgang mee te beskryf, kan die aandag aflei van die baie reële, potensiële gevaar dat ons die duisternis kan intuimel. Ons instellings, soos ons howe en die presidensie, is steeds broos en word aan alle fronte tot die uiterste beproef. In hierdie omstandighede is die grootste bedreiging vir ons demokrasie nie weerstand nie, maar wel selfvoldaanheid.

Soos 'n vooraanstaande Zimbabwiese digter onlangs opgemerk het: "Mugabe het nie oornag 'n diktator geword nie."

● *Die skrywer is dekaan van opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.*